Die TBK se Nuusbrief

NO 1/2012





Die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 48865, HERCULES, 0030

Dis die eerste nuusbrief vir 2012 en daar is met die intrapslag sekere sake wat aangesny moet word.

Eerstens ‘n groot dank aan Peet van Staden vir ‘n hele aantal nuusbriewe waarvoor hy verantwoordelik was. Persoonlik het ek groot waardering vir die baie navorsing wat hy doen. Hy kan gerus daaraan dink om dit op skrif beskikbaar te stel.

Ek kry die indruk dat ons weer met die Boeremusiek ‘n fase soos die veertigs en vyftigs tot selfs sestigs binnegaan, waarin dit feitlik verdwyn het. Gelukkig is daar ‘n radiostasie soos Radio Pretoria wat baie prominensie daaraan verleen. Ons moet tog poog om jongmense aan ons kultuurmusiek bekend te stel en ‘n liefde daarvoor te kweek.
Behalwe inligting oor ledegeld bevat hierdie nuusbrief datums van funksies van verskillende takke asook bydraes van ons lede ontvang.

Dit is tog interressant hoeveel van die musikante oor wie daar geskryf word ek ken. Theuns Breytenbach ken ek baie goed. Peet is besig met inligting oor die Straatsingers, en raai wat, ek het Joe Engelbrecht persoonlik geken.

Ek hoop almal geniet die nuusbrief.
Stuur wenke en inligting aan:
Hendrik de Beer
Bandelierweg 2
Uitsig
Bloemfontein
9301
Tel / Faks: 051-5252687

Dankie aan almal wat vir hierdie nuusbrief bydraes gelewer het.

TBK Webblad: www.boeremusiek.org
TBK E-posadres: info@boeremusiek.org

*As u sou belangstel om **Musiek van die boere** te kry soos deur die TBK versprei, dan is Sias Erasmus die man om te kontak … Tel 012 379 1745, 083 948 2987, Bezuidenhoutstraat 467, Claremont, 0082. E-pos dualcon@vodamail.co.za*

Bankbesonderhede – TBK, ABSA Ben Swartstraat, Rekening nommer 090281062.

Tydens die **Algemene <u>Jaarvergadering</u>** van 1 Oktober 2011 in Pretoria is die volgende persone tot die Hoofbestuur verkies:

Voorsitter:	Flip Snyman	011	955	3615
Onder-Voorsitter:	Martin Dorfling	082	542	1908
Sekretaris:	Stephaan van Zyl	082	777	0124
Penningmeester:	Jasper Vlok	083	715	4259
Addisionele lede:	Aletta Dorfling	082	482	5332
	Tom Adams	012	651	3700
	Sias Erasmus	012	379	1745
	Hennie Bezuidenhout	082	414	4014
	Rejean Viljoen	083	419	4579

Agter v.l.n.r.: Sias Erasmus, Stephaan van Zyl, Jasper Vlok.
Voor v.l.n.r.: Martin Dorfling (ondervoorsitter), Aletta Dorfling, Flip Snyman
(voorsitter), Hennie Bezuidenhout, Tom Adams. Afwesig: Rejean Viljoen

LEDEGELD EN INLIGTING-KOMPETISIE

Geagte Lede van die TBK.
Ons is tans besig om ons data op te dateer en versoek u om ons by te staan in die proses.
Ons vra dat u die vertroulike inligtingstrokie sal nagaan en wysig waar data nie korrek is nie. U kan die gewysigde en/of korrekte strokies aan enige bestuurslid teruggee, telefonies in kennis stel, faks of per e-pos stuur.
Die strokies wat ons wel terugkry, sal in aanmerking kom om die prys, 'n geskenk bestaande uit drie laserskywe, te wen deur middel van 'n gelukkige trekking wat gehou sal word tydens die jaarvergadering in Pretoria, op die 6de Oktober 2012. Dit blyk of daar onsekerheid is oor hoe die ledegeld van die klub werk. Volgens die grondwet strek 'n jaar van lidmaatskap vanaf die maand wat 'n lid aangesluit het tot die dieselfde maand in die volgende jaar. Dit wil sê indien 'n lid in April 1981 aangesluit het, sal sy jaargelde betaalbaar wees in April 1982 vir die volgende termyn. Dus van April tot April. Die lid kan dus sy lidmaatskapsfooi, wat R75.00 per jaar beloop, betaal op enige byeenkoms, dans of d.m.v. internetdiens gebruik te maak, of 'n deposito in ons bankrekening te doen. LW: Alle ledegeld betalings wat nie per hand gedoen word nie, se bewys van betaling moet asseblief aan Mnr. Tom Adams, Bruarfossweg 80, Valhalla, 0185 gestuur word vir kennisname of per e-pos na tomtbksa@mweb.co.za of faks na 086 672 1374 of tel no. 012-651 3700 vir kennisname.
Dit is baie belangrik om u lidnommer of ID nommer en woonadres / posadres te verskaf as u nie die inligtingstrokie aanstuur nie.
Die bankbesonderhede is soos volg:
Tradisionele Boeremusiekklub van S.A. Absa Tjek rek. No. 090281062.
Ek wil u ook daarop attent maak dat ons 'n goeie debietorder stelsel het. Daar is verskeie opsies beskikbaar:

R16.00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 1 laserskyf per jaar.

R22.00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 2 laserskywe per jaar.

R30.00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 3 laserskywe per jaar.

R35.00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 4 laserskywe per jaar.

Indien daar enige lede is wat navrae het aangaande die skrywe, kan hul vry voel om my te kontak by 082 542 1908 of per e-pos martindorfling.boeremusiek@gmail.com.

BOEREMUSIEK OORLOG

Na afloop van die laaste boeremusiek kompetiesie op die televisie word ek weer vanuit die tradisionele dansgroep van Ben Raubenheimer gevra om my persoonlike siening omtrent geskikte begeleiding vir tradisionele boeredanse en tradisionele boeremusiek in die algemeen. Wat my betref staan die hele kwessie op twee bene. Eerstens die musiekinstrumente wat vir die doel gebruik word en tweedens die soort musiek wat daarop gespeel word.

Instrumente:
Wanneer mens te doen kry met danse en / of musiek wat by die periode gebonde is, soos in hierdie geval, spreek dit vanself dat die instrumente in dieselfde tydvak moet pas. Sulke instrumente sal noodwendig akoesties wees aangesien elektronika toe nog nie bestaan het nie. Om hierdie instrumente nou te vervang met elektriese kitare, "keyboards", ensovoorts, sal fataal wees, aangesien sulke instrumente die styl, aanslag, atmosfeer, tydsgees, karakter, klank, noem maar op, onwillekeurig en noodwendig sal beïnvloed. In 'n groot saal met baie mense sal daar egter van klankversterking gebruik gemaak moet word. Dit bly ongelukkig maar altyd 'n smart want met die beste en duurste toerusting kry mens steeds nie klankversterking sonder klankvorming nie, met klank kwaliteit wat daaronder lei, instrumente uit die tyd toe die wals, seties, mazurka, 4-stap (pas de quarte), polka en kwadril ("square dans") die botoon onder ons mense gevoer het, kan rofweg in vier groepe verdeel word:
Snaarinstrumente: kitaar, banjo, mandolien, ukulele, kontrabas, tjello en viool.
Klawerinstrumente: klavier, konsertina, akkordeon en harmonium.
Blaasinstrumente: klarinet, saksofoon, mondfluit (harmonika) en penniefluit.
Uit hierdie groep het omtrent net die mondfluit behoue gebly.
Slaginstrumente: Verskeie soorte het sporadies en kortstondig hulle verskyning deur die jare gemaak. Die vroeë orkeste was lief om lepels, ribbebene of die geriffelde wasplank in te span. Die musikante wat hierdie instrumente bemeester het was besonder vernuftig en dit was nogal iets om te aanskou. Die Hoogekraal Boereorkes het tot 'n beesklok gebruik. Meer algemeen was die meeste blaasinstrumente, by wyse van spreke, in die slag gebly het.
Ten slotte kan ek nie nalaat om die musikale saag hier te noem nie. Ek weet net nie onder watter groep instrumente of gereedskap ek veronderstel is om dit in te deel nie.

Die musiek self:
Nie sommer enige musiek is geskik vir 'n boeredans geleentheid nie. Daar moet altyd onthou word dat die tradisionele boeremusiek nie bedoel is vir 'n

passiewe gehoor nie, maar spesifiek bedoel is om die dansers te inspireer om hulle voete op te tel. Daarom is sekere eienskappe wat by "hoër", "gesofistikeerde" en "gevorderde" musiek-genres 'n vereiste mag wees, hier nutteloos is of selfs 'n negatiewe effek kan hê. Die besware teen tradisionele boeremusiek wat gereeld vanaf alle oorde veral vanuit die moderne boeremusiek-kamp aangehoor moet word, behandel ek graag:

"Tradisionele Boeremusiek het geen deining van harder en sagter nie. Die hele nommer word teen dieselfde volume gespeel". Die antwoord hierop is eenvoudig en ek herinner die leser aan my stelling aangaande die doel van die tradisionele boeremusiek. Sou 'n orkes tydens 'n dans optree, midde van al die lawaai veroorsaak deur stampende voete en 'n gesellige kuier, en die orkes sou, ewe gevoelvol, besluit om vir 'n paar mates sagter te speel, wed ek enigiets dat iemand sal wil weet wat aangaan omdat die mense agter skielik nie meer die musiek kan hoor nie.

"Tradisionele Boeremusiek bestaan net uit drie akkoorde". Alhoewel baie tradisionele nommers inderdaad uit drie akkoorde bestaan, beteken dit geensins dat die betrokke nommers minderwaardig is nie. Daar bestaan trouens nommers wat slegs uit twee akkoorde bestaan. Ek dink hier spesifiek aan die Kromdraai Mazurka van die Vier Transvalers. Hierdie nommer is seker een van die mooiste, elegantste en mees karaktervolle musiek wat Faan Harris ooit op plaat gesit het. Ek daag enige "moderne", "gesofistikeerde" en "gevorderde" musikant om hierdie nommer drie of meer akkoorde te gee sonder om dit totaal te vernietig. Indien hierdie beswaardes eerlik wou wees, en bietjie wou navors, sou hulle vind dat die tradisionele boeremusiek wemel van modulasies, minieur- en vergrote akkoorde. Luister maar gerus na Silwer de Lange, Joe Hooneberg ensovoorts. Ek sal toegee dat alle musikante nie altyd hierdie nommers korrek vertolk nie, want dit verg immers 'n bietjie inspanning. Kritiseer dan liewer die lui musikante in plaas van tradisionele boeremusiek. Wat my grief is die feit dat genoemde klakouse nie eers konsekwent is nie. Die Skotte maak al eeue musiek op een enkele akkoord en ek het nog nooit iemand daaroor hoor kla nie. Miskien het dit te doen met die feit dat Skotse doedelsak-musiek oorspronklik en uniek is en dat niemand nog probeer het om dit te moderniseer nie. Baie ander lande se volksmusiek kan ook as minderwaardig afgekraak word, maar tradisionele boeremusiek word hiervoor uitgesonder en dit deur ons eie mense, nie die regering, die Engelse of enigiemand anders nie.

Vervolgens gaan ek aan die hand van die bekende Sarie Marais aantoon hoe mens 'n "eenvoudige" melodie deur middel van "gevorderde" akkoordprosessies heeltemal ongeskik kan maak vir die doel waarvoor dit gebruik word, naamlik begeleiding vir 'n vastrap tydens 'n boeredans: (Mens

moet waak daarteen om eenvoud met eenvoudigheid te verwar. Langenhoven het gesê die begin en einde van enige ontwikkeling het een ding in gemeen en dit is eenvoud. Die verskil is dat die eenvoud aan die einde ‘n meer volmaakte eenvoud is, vry van alle oortollige en pretensieuse fieterjasies).

My / Sa- / rie Ma- / Rais / is so / ver / van my / hart
G G G G C C C

Boegenoemde is heeltemal voldoende vir ‘n vloeiende, ritmiese, vrolike vastrap. Sou mens nou alles wat moontlik is by die harmonisasie van die melodie wou toevoeg om dit meer “gevorderd” en “gesofistikeerd” te maak, is die resultaat moontlik as volg:

My / Sa- / rie Ma- / Rais / is so / ver / van my / hart
G G G G7 C E7 A

Laasgenoemde klink nou wel baie indrukwekkend en sou glad nie onvaspas wees as musiek vir ‘n balletopvoering of ‘n opera nie. Ons het egter hier te doen met klemverskuiwings en ritme versteurings wat dit ongeskik maak vir die begeleiding van ‘n vastrap. Dit sal nou weer nodig wees om minstens van die E7-akkoord gebruik te maak om die musiek meer in lyn te bring met ons spesifieke behoefte. (Onthou Langenoven). Verder sou mense die stemming van ‘n vrolike vastrap ook heeltemal in die wiele ry met die gebruik van ‘n C-min akkoord by die “terug” in:

Bring my / terug na die / ou / Trans / vaal
C C-min G D G

Die D-akkoord by “Trans” is ook ‘n oordramatisering en sou meer gepas het by ‘n Psalm of ‘n volkslied, wat dit baie kere is. Die vernaamste doel van my hele tirade is om liefhebbers van tradisionele boeremusiek te waarsku teen selfdienende propaganiste vir wie feite ‘n blote lastigheid is. Gebruik eie oordeel. Jou oor sal wel vir jou sê wanneer ‘n spesifieke nommer voldoende en oortuigend vertolk word. Laastens wil ek self ‘n klap uitdeel aan die musikante wat hulle verbeel dat hulle sodanig gesofistikeerd is: daardie sieldodende getimmer op die tromme, tesame met die onproporsionele amplifikasie van veral die baskitaar, help niks.

Tradisionele groete
Stephaan van Zyl

Hier volg die datums van byeenkomste, asook die jaarvergaderings, in donker gedruk, asook kontakpersone en hul telefoonnommers.

TBK Byeenkomste vir 2012

Wesrand	Pretoria	Oosrand	Vaal-Driehoek	Welkom	Bloem-fontein	Weskaap
28 Jan	**4 Feb**	**17 Mrt**	**25 Feb**	4 Feb	**17 Mrt**	**31 Mrt**
31 Mrt	5 Mei	12 Mei	14 Apr	26 Mei	19 Mei	Datums vir volgende byeenkomste sal later aangewys word
26 Mei	4 Aug	25 Aug	29 Sep	25 Aug	18 Aug	
1 Sep	**6 Okt AJV**	24 Nov	3 Nov	**24 Nov**	17 Nov	
1 Des						
Flip Snyman	Hennie Bezuiden-hout	Martin Dorfling	Willie Badenhorst	André Burger	Jimmy McDonald	Rejean Viljoen
011 955 3615	012 377 1072	011 615 2082	016 932 1897	057 398 1022	051 522 4062	083 419 4579
082 624 5308	082 414 4014	082 542 1908	076 389 7079	072 554 6772	084 814 0895	

SKRYWE ONTVANG VANAF TAKKE

OOSRAND-TAK

Dagsê aan al ons getroue ondersteuners.

So ja, hier is ons al diep in 2012. Ek wil net van die geleentheid gebruik om aan al ons lede ‘n voorspoedige 2012 toe te wens. Mag die jaar groot dinge vir ons inhou.
Laasjaar was definitief ‘n groot jaar vir ons Oosrand-tak. Die tak groei baie goed, sowel as ons bywonings /-getalle. Ek wil groot dank betuig aan al ons ondersteuners. Julle is die krag agter ons.
Ek wil ook my wonderlike bestuur bedank. Julle is voorwaar ‘n uitsonderlike groep mense. Dankie vir al die hulp.
Die jaar wil ons probeer ‘n paar orkeste kry wat ietwat onbekend is aan die Ooste.
Kom woon ons danse by en kom kuier lekker saam met ons.

Groete

Martin Dorfling

PRETORIA-TAK

Wees gegroet hier uit Pretoria.
Ons het hierdie jaar met elke funksie wat aangebied is, byna uit ons nate gebars. Baie dankie vir die ondersteuners wat in getalle vir elke funksie opgedaag het.
Baie dankie ook vir die komitee wat baie hard gewerk het en hierdie byeenkomste so glad laat verloop het, ook met die aanbiedinge van ons funksie met die herdenking van die TBK van SA se 30ste bestaansjaar.
Dit was ‘n funksie wat ‘n hoogtepunt was, met musikante uit die boonste rakke, gaste wat ons vereer het met hul teenwoordigheid en ondersteuners van heinde en vêr. Baie dankie vir die mense wat opofferings gedoen het om van die byeenkoms ‘n reuse sukses te maak.
Ons wens alle lede wat ongesteld of in hospitale is ‘n spoedige herstel toe. Stel ons asseblief in kennis as iemand ongesteld is.
Hou die vaandel van die TBK van SA hoog, laat dit wat ons passie is, groei en nuwe lede asook jong musikante werf sodat ons verseker is dat ons nageslagte die tradisie mag voortsit.
Pretoria tak se volgende byeenkoms is op die 5de Mei 2012.
Ons wens ook alle lede en families ‘n geseënde en voorspoedige 2012 toe.

Boeremusiek groete
Hennie Bezuidenhout (voorsitter)

VAALDRIEHOEK-TAK

Graag wil ek van my en die Vaaldriehoek komitee se kant af elke leser van die blaadjie ‘n baie geseënde en voorspoedige nuwejaar toewens. Mag God elke persoon ryklik seën met gesondheid en geluk.
Ons het in 2011 ‘n baie goeie jaar beleef. Die funksies het suksesvol afgeloop en ons het pragtige Vaaldriehoek musikante wat by ons opgetree het. Ons was ook ryklik geseën met publiek wat die funksies bygewoon het. Ons het die jaar afgesluit met een van ons musikante Oom Faan van den Berg wat weggetrek het Kaap toe, wat ‘n jammerte. Ons wil hom sterkte toewens en hoop hy sal die musiek voortsit daar waar hy woon.
Ek wil graag ons publiek wat ons besoek het, hartlik bedank vir hul teenwoordigheid en wil almal aanspoor om vir ons nog nuwe vriende te bring om by ons klub aan te sluit. Sover het ons net mense gekry vir wie Tradisionele Boeremusiek baie na aan die hart lê. Sonder publiek kan ons hierdie boeretradisie nie laat voortleef en aanbied nie.

Liewe Vaaldriehoek musikante julle is almal regte staatmakers en ek wil sê julle is almal goeie musikante wat baie goeie musiek speel.
Baie dankie dat almal so lojaal is teenoor die Vaaldriehoek tak. Ek sien baie uit na 2012 se funksies.

Aan al die Vaaldriehoek komitee lede, baie dankie vir ‘n suksesvolle 2011. Kom ons pak 2012 met meer ervaring en selfvertroue aan vir nog ‘n suksesvolle jaar.

Boeremusiek groete
Willie Badenhorst

WESRAND-TAK

Oom Hendrik Reintsbok

Oom Hendrik Louis Reintsbok is gebore op die 24 ste November 1936 in die Vryburg distrik, daar groot geword en gewoon.
Op die 18 Junie 1956 begin hy in Mafikeng werk by die destydse Suid Afrikaanse Spoorweë en bekwaam homself as Passer en Draaier. Hy was ook ‘n gekwalifiseerde stoker. Op die 1ste Mei 1965 is hy getroud met Christina Maria Louwrens. Uit die huwelik is daar drie seuns en drie dogters gebore. Hy het tot in 1982 in Mafikeng gewoon en gewerk en is toe met bevordering na Kimberley oorgeplaas. In 1984 aanvaar hy weer bevordering en word na Germiston oorgeplaas.

In 1992 plaas oom Hendrik oor na Millsite (Krugersdorp) waar hy gestasioneer was tot en met sy aftrede in 1995.
Dit was die eerste keer in 1993 wat ek oom Hendrik ontmoet het tydens ‘n Wesrand byeenkoms in Randfontein. Oom Hendrik was al die jare ‘n groot liefhebber en versamelaar van Tradisionele Boeremusiek.

Die feit dat ek ook ondervinding van stoomlokomotiewe gehad het was dit onvermydelik dat die gesprek dikwels in daardie rigting gegaan het. Ek het aan oom Bok, soos hy bekend staan, genoem dat ek graag my eie banjo wil bou. En dadelik was hy bereid om my te help met die maak van die banjo. Ek het die nek en dop van ‘n ou

banjo gehad. Planne is geteken en na ‘n paar kuiers by oom Bok het wyle William Broodryk die parte gedraai van afvalmateriaal afkomstig van ‘n 25 NC stoomlokomotief. Nadat die houtrim wat wyle Ben Snyman vir my gemaak het gedraai is, het alles perfek gepas. Ek het alle metaal laat verkroom en die houtwerk is vernis. Die banjo is aanmekaargesit en ek is baie trots op die banjo wat ek vandag nog bespeel. Ek het onlangs vir oom Bok gaan kuier en hom afgeneem met die banjo. Dankie oom Bok vir jou hulp en vriendskap deur die jare en daardie gereelde oproepe, dis kosbaar vir my.
Flip Snyman

Aan die Wesrand gaan dit verder nog baie goed. Al ons byeenkomste was tot dusver baie suksesvol. Die Sandvelders het in Desember hier by ons kom kuier en toe sommer hulle nuwe laserskwyf se opnames kom doen. Voorwaar ‘n prag laserskyf. U word uitgenooi om gereeld ons byeenkomste by te woon en deel van ons familie te word.

Groete
Flip Snyman

TBK verloor sy oudste lid

Dit is vir ons baie hartseer om u mee te deel dat die heel oudste lid en een van die mees lojale ondersteuner van die TBK, Oom Hentie Smit of Oupa , soos ons amal aan die Wesrand hom geken het, op 14 Januaie 2012 in die ouderdom van 95 jaar 6 mnde en 12 dae oorlede is. Hy was altyd onder die vroegste gaste wat by die byeenkomste opgedaag het en dikwels van die laastes wat vertrek het. Stil het hy altyd agter in die saal sy gereelde plekkie ingeneem en die musiek geniet. Nooit het ons hom hoor kla nie maar hy het altyd op sy nederige manier erkenning gegee en sy waardering uitgespreek tenoor die musikante. Ons onthou nog duidelik hoe sy gesig gestraal het en sy groot glimlag toe ons hom spesiaal aan die Namakwalanders en die Sandvelders voorgestel het.

Baie dankie FC dat jy jou pa vir soveel jare so mooi versorg het. Deuternomium 5:16 is beslis op jou van toepassing.

Hy was inderdaad almal se oupa. Sy ou plekkie daar agter in die saal is nou leeg maar sy spesiale herinneringe, mooi geaardheid en stille krag wat hy altyd uitgestraal het, lê kant en wal in ons harte. Ons sal hom nooit vergeet nie en sal hom ontsettend mis.

Totsiens oom Hentie.

Almal se Oupa.

Leon Pretorius

Dit is ook met leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van tannie Sarie Mans, oom Jan Mans se vrou, na ‘n kort siekbed. Haar teenwoordigheid by die TBK byeenkomste sal gemis word.

Sterkte aan oom Jan en die Mans familie.

Laserskywe beskikbaar

Versamelgoed no. 1 (dubbel laserskyf, verskeie musikante)		R120-00
Versamelgoed no. 2 (Willie Badenhorst)		R80-00
Versamelgoed no. 3 (Namakwalanders)		R80-00
Versamelgoed no. 4 (Die Sandvelders)	**nuwe vrystelling**	R80-00
Outydse Potjiekos (Vol. 5)	**nuwe vrystelling**	R80-00
Oom Hannes Viljoen (Vol 4)	**nuwe vrystelling**	R80-00
Die Kruinstad en oom Ben Lindeque	**nuwe vrystelling**	R80-00

Daar is ook nog verskeie laserskywe, plate en kasette beskikbaar.

NB: Daar word tans gewerk aan nuwe laserskyf projekte vir volgende jaar. Ondersteun ons met die koop van die laserskywe, dit bepaal wat ons volgende projekte sal wees.

Boeke en artikels te koop

Derde gedenkalbum van Oom Piet Bester			R100-00
Ontstaan en ontwikkeling van Boeremusiek			R100-00
Baadjie sakwapen	R55-00	Hemp sakwapen	R35-00
Lapelwapen	R35-00	Dasse	R85-00
TBK 30 jaar wyn en glase			Pryse op aanvraag

Posgeld per posstuk beloop minstens R30-00
Kontak vir Sias Erasmus in verband met aankope.

Baie dankie aan Hendrik de Beer en sy helper wat ingestem het om hierdie nuusbrief vir ons moontlik te maak.
Dankie aan Natasja de Jager van die Wesrand wat kom hand bysit en gefinaliseer het.

TBK Weskaap

Neem asseblief kennis dat daar in die Weskaap ‘n nuwe TBK tak gestig gaan word op Saterdag die 31ste Maart. Ons vra almal in die Kaap om by die tak in te skakel.

Kontak asseblief vir Wynand Smit sel. no.084 761 1515 of vir Daantjie Kotze sel. no. 082 809 6769 of vir Rejean Viljoen sel. no. 083 419 4579.